

28 November

Skrifgedeelte: Psalm 150

Prys die Here!

Die Psalmboek sluit af met `n heerlike lofprijsing aan God. In elke reëltjie van Psalm 150 gaan dit oor lofprijsing aan God. Om God te loof en te prys hou in om klein en nederig in jouself te word. Dis ook om weg te kyk van jou eie nietigheid en God se grootheid raak te sien. Dis om God te bewonder as God vir alles wat Hy is en doen. Dis om God as magtige Skepper van alle dinge te vereer. Hy is groot in majesteit en heerlikheid. Dis om verstom te staan voor sy kragtige daade, sy verlossingsdaade, sy liefdesdaade wat ons elke dag raaksien en beleef. Dis om verwonderd te wees oor sy liefdeshart wat so heerlik opgetree het in die kruis en opstanding van sy Seun, sodat ons vandag sy kinders kan wees wat Hom prys. Loof en prys die grote God met gebede, met sang, met musiekinstrumente, met koordanse.

Al sy kinders behoort Hom te prys. Dis egter nie al nie. "Laat alles wat asem haal die Here prys!" (vers 6). Aan Hom die Koning van hemel en aarde kom al die lof toe. Oral waar sy Heilige Gees kragtig werk prys sondaarmense Hom. Die Heilige Gees deurbreek ons selfgerigtheid en hoogmoed en buig ons om tot nederige verering van God. Maak vandag en elke dag tyd om God van harte te loof en te prys. En wanneer jy dit doen, kyk vooruit na die toekoms waarvan die laaste hoofstukke van die boek Openbaring praat. Kyk vooruit na die bruilofsmaal van die Lam wanneer die skare van God se kinders weer sal uitroep: "Prys die Here!" (Op 19:1,3,4,6).

Sing: Skrifberyming 9:1,3

Ds L du P van der Vyver (Silverton)